

## Sing vooraf: Skrifberyming 20-1:1 (49:1)

- 1 Barmhartige en getroue God, / Beskikker van ons deel en lot,  
ons dank U vir die troue wag / ons weer betoon in hierdie nag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.  
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;  
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,  
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 62:4 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,  
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Skriflesing: Psalm 147

Teks: Psalm 147:7-11; Sondag 10

**Sing 'n danklied tot eer van die HERE, psalmsing tot eer van onse God met die siter; wat die hemel met wolke oordek, wat vir die aarde reën berei, wat op die berge gras laat uitspruit, wat aan die vee hulle voedsel gee, aan die jong rawe as hulle roep. Hy het geen welbehag in die krag van die perd, geen welgevalle in die bene van die man nie. Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop. (Psalms 147:7-11 AFR1953)**

Hierdie refrein dat ons en die hele skepping die eer van die Here (moet) verkondig, loop regdeur die Bybel. Dink byvoorbeeld aan Psalm 19.

**Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. (19:2) Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. (19:3) Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan (Psalms 19:1-2 AFR1953)**

Die hele skepping sing regdeur 'n lang harmoniese lied van die wonder van God se voorsienigheid wat alles en almal in stand hou.

- As ons alles wat die Bybel opnoem, kort kan saamvat, kan ons sê dat die sterre in die aand die loflied tot God se eer by die blomme (lelies van die veld) oorneem.
- Die sterre gee die loflied weer oor aan die voëls wat met hulle sang die aanbreek van die dag aankondig.

**. . . hy opstaan as die voëltjies begin sing en al die tone van die lied dof sal word.**  
(Prediker 12:4 AFR1953)

Al die dinge verkondig die lof van die Here omdat Hy voorsien dat sy Raad – wat sy alomteenwoordige krag is – die genadige voortgang van alles beskik.

- In hierdie konstante en ewigdurende lied tot eer van die alomteenwoordige krag van God moet ons mense die voorsangers wees!
- Soms kla mense te veel oor die lewe en sy ellendes en betwyfel hulle die albeskikking van die Here oor alles wat bestaan – veral soms oor ons eie lewens!

Daarom is dit dalk belangrik dat ons onself mooi in die hele skepping plaas – reg tussen al die skepsele wat deur God geskape is – en kyk wie doen wat.

- Een van die dinge wat ons opval, is dat die duiwel en sy engele nooit sing nie!
- Hoekom sing hulle nie en word daar nooit enige vorm van blydskap by hulle raakgeloop nie?

Om dit te verstaan moet ons net eers bietjie kyk na hulle geskiedenis.

- Hulle was ook skepsele wat juigend tot eer van God gesing het!
- Hulle was ook skepsele wat die volle vreugde van die hemel en God se teenwoordigheid geken het! God het alle engele volmaak gemaak.

Toe word hulle deur die duiwel mislei omdat hy homself in God se plek wou stel.

- Hy het op 'n manier 'n derde van die engele belieg en hulle sover gekry dat hulle saam met hom teen God in opstand gekom het.
- Die gevolg daarvan was dat hulle meteens die volle waarheid en die ware toedrag van sake beseef het toe God hulle uit die hemel en uit sy teenwoordigheid uitgewerp het!

Nou bestaan hulle in verbittering en angs en selfverwyf. Dit was anders voordat hulle hulle woonplek verlaat het!

*Nou is die groot vraag: Wil ons ook so wees? Wil ons ook in totale verbittering en verdwaaldheid en opstand teen God en uiteindelik in die donkerte van die hel insink?*

Ons het 'n voorbeeld van ander gelowiges – die Here het dit selfs in die Bybel laat opteken:

**(42:9) Maar die HERE sal oordag sy goedertierenheid gebied, en in die nag sal sy lied by my wees, 'n gebed tot die God van my lewe. (Psalms 42:8 AFR1953)**

Hierdie onbekende Koragiet het ten tye van sy diepe hartseer selfs in die nag 'n lied vir die Here gesing! Dit was 'n lied waarin hy gesing het dat hy deur God se voorsienigheid verwag het dat daar voorsiening sal kom dat hy weer voor die Here in die tempel sal kan verskyn.

Dink ook aan Job se geskiedenis waar hy die beskikking van God bely en waar die Here dan die dinge volgens sy beskikking verander het.

**Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.**

(Job 19:25 AFR1953)

**En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.**

(Job 42:10 AFR1953)

**En die HERE het die einde van Job meer geseën as sy begin; en hy het veertien duisend stuks kleinvee en ses duisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad.**

(Job 42:12 AFR1953)

Die Bybel maak dit duidelik dat die Here alles bestuur volgens sy wil.

- Die Bybel maak dit ook duidelik dat die Here, in die uitvoering van hierdie stuk van sy Raad, soms teëspoed en ander kere voorspoed beskik.
- Maar of ons dit wat Hy beskik as teëspoed of voorspoed ervaar, Hy beskik alles vir die gelowiges en vir sy eer ten goede.

Kyk net weer kortliks na van die dinge wat in Psalm 147 aan ons geopenbaar word:

- In vers 1, 7 en 12 word Israel opgewek om die Here te loof oor sy genadige versorging (= voorsienigheid).
  - Hy bou Jerusalem weer op en
  - Hy maak almal wat uitmekaargejaag is, bymekaar.
- Vers 3-5 openbaar die Here se almagtige krag.
  - Hy onderhou alle dinge.
  - Met sy alomteenwoordige krag wat alle menslike kragte te bowe gaan, is Hy nie net 'n toeskouer van alles wat gebeur nie – Hy is die Beskikker.

Ons lees op meer plekke in die Bybel daarvan:

**En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak.**

(1 Kronieke 29:12 AFR1953)

**Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.**

(Job 42:2-3 AFR1953)

Waar die Here is, daar is sy almag en sy beskikking. En Hy is alomteenwoordig – dus so ook sy genade en voorsienigheid.

**. . . sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.** (Handelinge 17:27-28 AFR1953)

**Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is;**

(Spreuke 8:15 AFR1953)

Psalm 147 leer dat die Here beskik met sy onmeetbare mag oor alle dinge – wolke en reën. Ook sneeu en ryp – die koue van elke winter. Selfs dinge soos gras wat moet groei.

**Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig.**

(Psalms 147:5 AFR1953)

**. . . wat die hemel met wolke oordek, wat vir die aarde reën berei, wat op die berge gras laat uitspruit,** (Psalms 147:8 AFR1953)

**Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as. Hy werp sy ys heen soos stukke – wie kan bestaan voor sy koue?** (Psalms 147:16-17 AFR1953)

Net so beskik en bestuur Hy die geskiedenis van elke volk. Hy besluit tot wie die regeerders is en wat hulle alles sal doen – of nie doen nie!

**Hy wat aan jou grondgebied vrede verskaf, wat jou versadig met die beste van die koring,** (Psalms 147:14 AFR1953)

Die dinge wat die Here in sy Woord aan ons openbaar rondom sy voorsienigheid, het ons ook in ons belydenisskrifte gaan opsom.

Kom ons lees saam wat hieroor in ons belydenis (Die Heidelbergse Kategismus Sondag 10) geskryf staan:

**Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?**

**Antwoord:** Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

**Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?**

**Antwoord:** Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 65:7 (p. 316)

- 7 Die stroom van God wat neergestraal het / deur volle hemelsluis;  
die voor waarin die graan gedaal het, / waar nou die koring ruis;  
die druppels wat die halm verkwik het; / die weekheid van die kluit –  
dis alles soos die HEER beskik het, / Hy seën en – dit spuit!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 18 April 2010